Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

# CHIPS

VOL 36 NO 2 • MARCH / APRIL 2022



## LIMPOPO-KULTIVARPROEF ONDER BESPROEIING OP DENDRON IN 2021

## DIE AARTAPPELBLAARMYNER: BEHEEROPSIES TEEN DIE PAPIES

**Kultivarprestasie op varsproduktemarkte**

**A diversified approach for greater liquidity**

**#PassThePotato: Giving back is good business**

# Kultivarprestasie op varsproduktemarkte gedurende 2021

Deur Janó Bezuidenhout en Dikgetho Mokoena, Aartappels SA

Die keuse van watter kultivar om te plant is een van die belangrikste besluite wat 'n aartappelprodusent moet neem. Hierdie besluit word deur baie faktore beïnvloed, soos kultivareienskappe, klimaat, die produksiegebied, verbruikersvoorkeure en insetkoste. Baie kultivareienskappe word deur die kultivarproewe wat deur Aartappels SA (ASA) se navorsingsafdeling uitgevoer word, geïllustreer.

In hierdie artikel word daar na die prestasie van verskillende kultivars op varsproduktemarkte (VPM'e) gekyk.

## Verkoopspersentasies

Die afgelope paar jaar domineer Mondial aartappelverkope op VPM'e. Mondial is vir ongeveer 55% van alle aartappels wat op VPM'e verkoop word, verantwoordelik. In *Figuur 1* word die top vier kultivars van die laaste ses jaar uitgebeeld.

Uit hierdie vier kultivars is Sifra die enigste een wat oor tyd 'n opwaartse tendens toon. Die ander drie toon sywaartse of effens afwaartse tendense. Lanorma het oor die afgelope jaar markaandeel verloor. Waar dit die laaste paar jaar 7% se verkope op VPM'e verteenwoordig het, maak Lanorma slegs 3% van verkope oor die afgelope jaar uit.

## Markaandele van kultivars

Mondial en Sifra het regdeur die jaar 'n gemiddelde markaandeel van onderskeidelik 56 en 29% op VPM'e gehad (*Figuur 2*). Lanorma, die derde-grootste kultivar op VPM'e, se markaandeel het in Januarie begin toeneem, totdat dit in September geleidelik begin daal het.


Hierdie afname in markaandeel van Lanorma is merendeels streeksgebonde. Tussen Junie en Julie 2021 het Lanorma 10% van die markaandeel geniet. Valor, aan die ander kant, het vanaf September tot Desember ongeveer 7% van die VPM'e se verkope verteenwoordig.

Panamera se markaandeel het vanaf Junie tot September 'n piek bereik, waar die kultivar 'n maksimum van 3% van die VPM'e se verkope verteenwoordig het.


Up-to-Date het vir nege maande minstens 1% van die verkope verteenwoordig.

*Figuur 3* dui die markaandeel van die kultivars in 2020 aan. Indien 2020 met 2021 vergelyk word, kan gesien word dat Sifra se markaandeel vanaf Maart tot September 2021 vergroot het. Mondial, Lanorma en UTD se markaandele het in 2021 gedaal, in


**Figuur 1: Top vier kultivars, gebaseer op persentasie verkope op VPM'e sedert 2016.**




**Figuur 2: Die markaandeel van verskeie kultivars op VPM'e gedurende 2021.**



**Figuur 3: Die markaandeel van verskeie kultivars op VPM'e gedurende 2020.**




**Tabel 1: Jaarlikse gemiddelde prys per 10 kg per klas vir alle groottes in 2021.**

| Kultivar | Gemiddelde prys per 10 kg (Klas 1, alle groottes) | Gemiddelde prys per 10 kg (Klas 2, alle groottes) | Gemiddelde prys per 10 kg (Klas 3, alle groottes) |
|---|---|---|---|
| Sifra | R46.09 | R37.33 | R29.30 |
| Mondial | R51.63 | R43.85 | R34.97 |
| Lanorma | R49.66 | R45.68 | R35.93 |
| Valor | R53.87 | R36.24 | R37.41 |

**Tabel 2: Klasverspreiding van verkope vir elke kultivar.**

| Kultivar | Klas 1 (alle grootte) | Klas 2 (alle groottes) | Klas 3 (alle groottes) | Klas 4 (alle groottes) | Ongeklas (alle groottes) |
|---|---|---|---|---|---|
| Sifra | 76.67% | 16.58% | 6.32% | 0.35% | 0.08% |
| Mondial | 74.97% | 17.9% | 6.78% | 0.18% | 0.16% |
| Lanorma | 71.49% | 17.64% | 10.25% | 0.34% | 0.28% |
| Valor | 86.17% | 10% | 3.36% | 0.25% | 0.22% |

vergelyking met 2020. Gedurende September 2021 was daar 'n styging in Valor se markaandeel.

## Hoe lyk die pryse van kultivars?

Die jaarlikse gemiddelde pryse vir die kultivars word in *Tabel 1* uiteengesit. Valor het die hoogste gemiddelde jaarlikse prys per 10 kg vir Klas 1 (alle groottes) behaal, gevolg deur Mondial. Beide Mondial en Sifra het min of meer 'n R8 verskil tussen klasse, terwyl Lanorma se verskil tussen Klas 1 en Klas 2 slegs R4 is.

In *Tabel 2* kan waargeneem word hoe die onderskeie kultivarverkope op VPM'e saamgestel is met betrekking tot die verskillende klasse. Valor se verkope het uit 86% Klas 1 bestaan, teenoor die ander kultivars wat tussen 71 en 77% was. ©

**Vir meer inligting, kontak Janó Bezuidenhout by jano@potatoes.co.za.**

